

# Gesoek, gevind, gedra, bekeer – blydschap!

**Woordbediening: Lukas 15:1-10 en Esegïel 34:16**

**Fokustekse: Lukas 15:5 en Esegïel 34:16**

Esegïel het in detail oor die Here se herderskap geprofeteer. Hy het vyf voorbeelde van “kleinvee” beskryf en gesê wat die HERE met hulle gaan doen.

- Die wat weggeraak het sal Hy soek
- Die wat weggedwaal het sal Hy terugbring
- Die wat seergekry het sal Hy versorg
- Die wat swak is sal Hy help
- Die wat vet en sterk geword het sal Hy uitroei/dophou(?)

Elkeen van ons behoort homself in minstens een van dié vyf te herken. Ons gee vandag net aan die eerste twee aandag: verlore en gevind; weggedwaal en teruggebring.

## **Wie beleef God se herderskap?**

Die twee gelykenisse wat die Here Jesus vertel het help ons om Esegïel se profesie beter te verstaan. Ja, dit verwys na die tollenaars en sondaars op wie die ander so neersien, maar dit verwys ook na die Fariseërs en skrifgeleerdes self. Hulle het weggeraak en afgedwaal van die Here af met alles wat gedoen en geleer het. Ons beleef God se herderskap daar waar ons van Hom af wegraak en afdwaal.

## **Hoe beleef ons God se herderskap?**

In dit wat Hy as ons Herder doen: Hy soek en vind, tel ons op en dra ons op sy “skouers”. Dit verwys na wat die Here self deur sy Woord en Gees doen. Maar dit verwys ook na mense wat deur Hom gestuur is om sy werk in sy Naam te doen. Vir die gestuurdes is dit belangrik om die opdrag uit te voer soos wat die Here dit self gedoen het. Let op die detail van die twee gelykenisse.

## **Hoe weet ons dit gebeur regtig?**

Bekering op aarde en blydschap in die hemel.

Elkeen wat hom bekeer is ‘n bewys van God se getroue herderskap. Ons kan nie oor sy Herderskap getuig sonder om oor ons bekering te getuig nie en andersom. Ter selfder tyd gee Jesus aan ons die versekering dat daar blydschap in die hemel is oor elkeen wat hom bekeer.

## **Heidelbergse Kategismys v/a 2**

*Vraag: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?*

*Antw: Drie dinge: Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is; ten tweede hoe ek van al my sonde en ellende verlos word en ten derde hoe ek God vir so ‘n verlossing dankbaar moet wees.*

**Bespreking:** Ons weet wat “sonde” is. **Maar wat is “ellende”?** (Oorspronklike Duits het gelui: “Elend”. Twee teksverwysings is gegee, nl. Joh 9:41 en 15:22.) Joh 9:51 verwys na die Fariseërs wat hulleself mislei en 15:22 verwys na mense wat nie

vir God ken nie en daarom Jesus se volgelinge vervolg. Hulle het egter geen verskoning nie, want Jesus het na die wêreld gekom om die Vader bekend te stel. **“Ellende/Elend”** verwys na die slegte ervaring van misplaas wees: Uitlander, balling, vreemdeling. Dis hierdie “uitlandigheid” wat vir die mens die lewe so moeilik maak – weg van jou Skepper, vervreemd van Hom deur jou sondige aard, oorgegee aan die wreedheid van die mensdom.

**“Ek moet weet...”** spreek vanself. Ek kan nie glo wat ek nog nie weet nie. Dit is eerstens nodig om **my eie nood en ellende te (er)ken** anders sal ek nie weet dat ek hulp van Bo nodig het nie. Dan is dit nodig om **God te ken**, soos wat Hy Homself aan my bekend stel, nl as my Skepper, Verlosser en Saligmaker.

**Die kernvraag is: Ag ons dit ons plig om hierdie kennis met ander te deel?**